UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 18 # 1 • 23–2–2010 • YEAR 18 # 1 MONTHLY STAFF NEWSLETTER

# Woordfees: almal kan kom saamspeel!

**Die grootste en baldadigste ooit! Dit is hoe die Woordfees, met sy rekordgetal van meer as 200 produksies, vanjaar daar uitsien. Dié institusionele fees wat besoekers vanoor die land en selfs die buiteland trek, word van 1-7 Maart gehou.**

"Met sy unieke klem op die woord, is daar by die Woordfees te kus en te keur wat die geskrewe woord betref. Die program staan egter ook boepens met musiekproduksies, kabaret, dramas en kuns," sê Eduard Rosenstrauch, Woordfeesprojekbestuurder.

Getrou aan die woord, huldig die fees jaarliks die groot name in Afrikaans. Profiele word aangebied oor André P. Brink, Philip de Vos, Petra Müller, Pieter Fourie en Peter Snyders.

Oudergewoonte kom saai die RSG-span weer hul nuusprogramme regstreeks van die Plataan-kafee, agter die Sasol Kunsmuseum, uit en bied die diskoersreekse hier 'n ideale geleentheid vir US-personeel om die aksie te kom beleef.

Vanjaar se Woordfees-kunstenaar is die bekroonde internasionaal gevierde beeldhouer Andries Botha. Hy het onlangs wêreldwyd aandag getrek met sy beeldhouwerk van 'n reuse olifant ten einde bewustheid te kweek van die wêreldwye omgewingskrisis.

Nuwighede is daar vanjaar talle van. In samewerking met SuperSport is daar 'n Rugbylegendesdinee waar feesgangers rugby-ikone soos Mannetjies Roux, Jan Boland Coetzee, Dawie de Villiers, Theuns Stofberg en Errol Tobias kan kom ontmoet. Ook 'n nuutjie is 'n swierige Baljaarbal ten bate van die Woorde Open Wêrelde- (WOW-)projek. Dié leesbevorderingsprojek bereik jaarliks byna 17 000 leerders in Bolandse gemeenskappe. Met Evita Bezuidenhout as gasvrou, die Johnny Cooper-orkes én musikus Niël Rademan beloof die Baljaarbal 'n extravaganza duisend te wees.

Die Woordfees is ook bekend vir sy indiepte gesprekke en natuurlik vir 'n goeie bekgeveg of twee ook. Behalwe die verskeie gesprekke met skrywers en kunstenaars en die gewilde Filosofiekafee bied die Adam Tas Studentevereniging en die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans 'n taalsimposium aan met die tema "Afrikaans en meertaligheid op universiteitsvlak".

Die Sanlam Dramafees spog met van Suid-Afrika se bekendste akteurs en vermaaklikheidsterre soos Antoinette Kellerman, Deon Coetzee, Marius Weyers, Ben Kruger, tannie Evita Bezuidenhout, Dowwe Dolla en Lizz Meiring.

Op die musiekfront sal van die gehardste rocker tot die fynproewer van klassieke musiek tuis voel by vanjaar se Woordfees. In die Kabaret & Konsert-reeks tree Pieter-Dirk Uys, Elzabé Zietsman, Amanda Strydom en Virginia Davids op. Ook die nagKAT, 'n gratis laataandvermaaktent naby die Plataan-kafee, maak vanjaar sy opwagting.

Vir studente is daar ruim voorsiening gemaak. Buiten die Beyerskloof Musiekmarathon, kan feesgangers ook uitsien na die Neelsie Geraas innie Gat met Die Heuwels Fantasties, Pierre Greeff, Hunter Kennedy en Johnny de Ridder. Daar is ook 'n debatfees en 'n intergenerasiegesprek oor 'n visie vir Suid-Afrika.



Die mannekrag agter die skerms is agter van links mnr Eduard Rosenstrauch, Woordfees-projekbestuurder; prof Dorothea van Zyl, US Woordfees-direkteur; en me Jana Hattingh, Administratiewe Beampte van die Woordfees. Voor is me Fiona van Kerwel, WOW-projekbestuurder; mnr Melt Myburgh, Woordkunsprojekbestuurder; en me Shireen Crotz, Administratiewe Beampte van die WOW-projek *(Anton Jordaan, SSFD)*



## *Dr Johann Rupert word die US se veertiende Kanselier*

Dr Johann Rupert (links) het Woensdag (18 Februarie) amptelik die 14de Kanselier van die Universiteit Stellenbosch geword. Dr Rupert is bekend as plaaslike én internasionale sakereus en -leier, kritiese denker, wynentrepreneur, bewaringsentoesias, sportliefhebber en kampvegter vir minderbevoorregtes. Hy is die oudste seun van die bekende Stellenbosser, wyle dr Anton Rupert. Hier is hy saam met die Rektor, prof Russel Botman, tydens sy inhuldiging. *(Anton Jordaan, SSFD)*

# Nuwe afdeling sal diens aan kampusgemeenskap verbeter

Die Universiteit Stellenbosch (US) se nuwe afdeling, Studente- en Akademiese Steun (SAS), wat op 1 Januarie 2010 in werking getree het, sal 'n veel beter, doeltreffender en meer geïntegreerde diens aan studente en dosente lewer. So sê dr Ludolph Botha, Senior Direkteur: SAS. Die afdeling is gebore uit die samesmelting van die voormalige afdelings Akademiese Steun en Studentesake.

In sy nuwe hoedanigheid as oorkoepelende omgewingshoof van SAS, sal dr Botha help verseker dat die breë omgewing so goed moontlik saamwerk en 'n geïntegreerde en doeltreffende diens lewer. Nadat die bestuur die nuwe afdeling in November 2009 goedgekeur het, het strategiese beplanning vir die nuwe omgewing onmiddellik afgeskop.

Dr Botha sê daar is besluit om die voormalige Afdeling Studentesake in twee afsonderlike sentra te ontbondel, naamlik 'n Sentrum vir Studentesake (SSS) met die Studentedekaan, mnr Llewellyn MacMaster, as omgewingshoof, en 'n Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) met mnr Pieter Kloppers, die voormalige Bestuurder: Studentehuisvesting, as omgewingshoof. Die SSG, wat voorheen as Studentehuisvesting bekend gestaan het, sal nou ook aangeleenthede van die Private Studente-organisasiestudente (PSO) insluit. Volgens dr Botha is daar nog onsekerheid oor die SSG se amptelike naam, maar die groter kampusgemeenskap sal later meer nuus daaroor ontvang.

In die nuwe afdeling sal die voormalige Akademiese Steun-sentra in 'n groot mate soos in die verlede bly funksioneer, hoewel onderlinge samewerking baie belangriker sal wees. "Ons sal doelbewus probeer om dienste te verbeter, wedersydse verwysings te vergemaklik, personeel in spanverband aan te wend, en werk te verdeel – ons oorweeg selfs die deel van personeel."

Die oorkoepelende SAS-omgewing sluit die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL), die SSG, die SSS, die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO), die Sentrum vir Voornemende Studente (SVS), die Taalsentrum (TS) en die Tredhoueenheid (TE) in.

*(blaai na bladsy 6)*



Die afdelingshoofde is van links dr Alten du Plessis, Hoof: Tredhoueenheid, mnr Llewellyn MacMaster, Studentedekaan, mnr Leon van den Heever, Direkteur: SVS, prof Charl Cilliers, Direkteur: SSVO, mnr Pieter Kloppers, Bestuurder: SSG, dr Ludolph Botha, Senior Direkteur: SAS, prof Leon de Stadler, Direkteur: Taalsentrum en dr Brenda Leibowitz, Direkteur: SOL *(Anton Jordaan, SSFD)*

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus

**OPINIE**
*Hoe vaar die US in terme van navorsing?* 2



**PEOPLE**
*Perry is new National Goodwill Ambassador for UNAIDS* 4



**WOORDFEES**
*Kom baljaar saam by die grootste Woordfees nog!* 5



**NEWS**
*PLakker to offer support to first-years in innovative way* 6



**NUUS**
*Taalsentrum maak groot bydrae tot Afrikaans* 8

## FROM THE EDITOR'S DESK / VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



If there is something that I have learned in life, it is that change is the only constant we can expect along the way. Last year I embarked on a three-and-a-half-month research exchange trip to Växjö, Sweden, thanks to the support of Stellenbosch University's Department of English and the International Office and Växjö University's Department of Humanities. When I landed in Växjö and started unpacking my bags, the excitement I felt settled into the realisation that this place would be my new home until I returned to South Africa in December. I felt both a bit displaced and deliriously excited! I was stepping into a new world where I had to make new friends, build new support systems, navigate a new culture and at times a new language, and adapt to a different climate. A week later, the feeling of displacement was replaced by the exhilaration of the many possibilities that lay before me – not only the opportunity to build up networks that would help me to expand my research, but also the chance to meet people from different countries, cultures and backgrounds who would further enrich my life.

Stellenbosch University seems to be going through its own changes as well. On page 1 you can read about the University's newly developed Student and Academic Support division, which was formed from Student Affairs and Academic Support and which will offer better services to our campus community and our students. We also welcome the new Chancellor, Dr Johann Rupert, to Matieland on page 1.

We talk to Prof Jimmie Earl Perry on page 4 and find out more about the man who was recently selected as the National Goodwill Ambassador for UNAIDS in South Africa. On the same page you can meet the University's new Manager: School Partnerships, Ms Rolene Liebenberg, who has been tasked with the responsibility of exploring the potential of a coordinated approach to school interventions by Stellenbosch University. Facilities Management tells us more about the system they have put in place to deal with the reporting and monitoring of maintenance tasks on campus (page 4) – another change that is helping the University deliver more effective maintenance services on campus.

The Woordfees is serving up a scrumptious dish of shows from 1 to 8 March, so take a look at what is on offer at the biggest Woordfees festival to date. And make sure to get your tickets early! Read all about it on page 5.

While some things may change, others stay the same, so make sure to turn to page 7 for our usual information on music concerts, books, museum exhibitions and talks. On page 8 you can catch a glimpse of what is happening on campus by reading *Wie, wat en waar*.

So, while change may be daunting at first, may require us to move out of our comfort zones and may even leave us feeling a bit displaced and uncomfortable, there is no denying that it has an amazing ability to make us greater than we were before.

Lynne

KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!

# *Waar staan die US met navorsingsuitnemendheid?*


(Anton Jordaan, SSFD)

**Die Universiteit Stellenbosch (US) se status as een van die voorste navorsingsgedrewe universiteite op die kontinent is weereens beklemtoon met die onlangse bekendmaking an universiteite se navorsingsuitsette in 2008 deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Hierdie goeie prestasie is die resultaat van die harde werk en uitstekende produktiwiteit van 'n groep wêreldklas-navorsers wat aan die US werksaam is, asook die volgehoue sterk fokus op navorsingsuitnemendheid aan die US oor die afgelope vyf jaar.**

Volgens die Departement se verslag het die US in 2008 groei van bykans 8% getoon ten opsigte van geakkrediteerde navorsingspublikasie-uitsette. Dit vorm deel van 'n volgehoue gemiddelde jaarlikse groei in navorsingsuitsette oor die periode 2005–2008 van 3,5% – ná die Universiteit van Kaapstad (met 5,02%) die tweede hoogste groei van alle universiteite in Suid-Afrika. In vergelyking hiermee toon die ander drie universiteite in die land wat die produktiefste ten opsigte van navorsing was, naamlik die universiteite van Pretoria, die Witwatersrand en KwaZulu-Natal, oor dieselfde tydperk 'n jaarlikse groei van onderskeidelik 1,84%, 2,53% en 0,75%.

Sover dit geweegde navorsingsuitsette per koppetelling van voltydse akademiese personeel betref (met ander woorde navorsingsuitsette waarby magister- en doktorale grade ingereken word, en die grootte van universiteite se akademiese korps in ag geneem word) het die US in 2008 die beste van alle universiteite in die land presteer, met 'n geweegde navorsingsuitset van 2,13 per voltydse akademiese personeellid. Hierdie prestasie is iets waarop die US met reg trots kan wees, want dit dien as 'n duidelike bewys van die toewyding van ons akademici tot die uitvoer en verspreiding van voorpuntnavorsing, sowel as die ontwikkeling van hoogs gespesialiseerde mensekapasiteit op nagraadse vlak. Albei hierdie soort uitsette lewer 'n geweldige groot bydrae tot die vestiging van die US as 'n draer van hoop in ons land en op die Afrikakontinent.

'n Verdere positiewe tendens aan die US is groei van 5% in 2008 ten opsigte van geakkrediteerde navorsingspublikasies op internasionale vlak. Hierdie resultaat toon dat die Universiteit wat betref sy teenwoordigheid in die internasionale navorsingsarena aansienlike vordering maak, en die volgehoue toename in internasionale blootstelling is beslis iets waardeur ons hoop om ons wetenskaplike voetspoor as 'n leidende navorsingsinstelling in Afrika ook in die res van die wêreld te vestig.

Die grootste uitdaging wat vir die US voorlê, is die volhoubaarheid van hierdie navorsingsprestasies. Die US, soortgelyk aan ander navorsingsuniversiteite in die land, bevind homself in die onbenydenswaardige posisie dat van sy produktiefste navorsers ook vinnig besig is om aftreeouderdom te bereik, en dat genoegsame navorsingsbefondsing op nasionale vlak ten beste tans onseker en onvoorspelbaar is.

Die verjonging en transformasie van ons akademiese personeelkorps, sowel as die vestiging van 'n volhoubare finansiële model om die navorsingsprestasies van die US vol te hou, gaan geweldige eise aan ons navorsers asook die instelling in sy geheel stel. In die navorsingsomgewing word hierdie aspekte as hoë prioriteit beskou, en daar word hard gewerk aan strategiese planne om die volhoubaarheid van die Universiteit se navorsingspoging te verseker, sodat die US in die toekoms steeds met trots hierdie prestasie kan volhou. Dit word onder andere gedoen deur middel van 'n verskerpte fokus op interne befondsing en kapasiteitsontwikkeling van ons belowende opkomende navorsers, en sterk ondersteuning aan ons navorsers om op internasionale vlak om navorsingsbefondsing mee te ding (Afdeling Navorsingsontwikkeling), die skep van 'n stimulerende en ondersteunende omgewing vir navorsers (Biblioteek- en Inligtingsdiens) en 'n groot poging om beter ondersteuning aan ons nagraadse studentekorps te bied en ook om die internasionalisering van ons navorsing te bevorder (Nagraadse en Internasionale Kantoor). Ons glo dat hierdie inisiatiewe 'n wesenlike bydrae tot die volhoubaarheid van navorsingsuitnemendheid aan die US gaan lewer.

*– Dr Therina Theron is die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie in die Afdeling Navorsingsontwikkeling en prof Arnold van Zyl is die Viserektor: Navorsing*

Kampusnuus *wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein! *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus-*redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

BRIEWE



## E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

## Omskryf asseblief ons Visie 2015

Personeel aan die Universiteit Stellenbosch (US) is onlangs gevra om aanlyn op die US se Visie 2015 kommentaar te lewer. Volgens die kommunikasie op die webwerf, het die US Raad by 'n spesiale vergadering van 21 Februarie 2009 'n paar uitgangspunte as die grondslag vir die formulering van 'n formele visiestelling vir 2015 en daarná aanvaar.

Baie personeellede het aanlyn opgemerk (lees kommentaar op http://blogs.sun.ac.za/visie2015) dat die visiestellingpunte voorkom of dit baie haastig saamgestel is, eerder as dat daar rêrig daaroor besin is. Sommige meen ook die punte is vaag en eintlik niksseggend. Beplan die Universiteitsbestuur en die Raad om die punte na te sien en veranderinge te maak? Sal niksseggende frases geskrap word? Ek stel ook voor dat ons minder akademiese terme soos "pedagogie" gebruik, en liewer prontuit sê wat ons bedoel. As ons bedoel dat ons skeppers van hoop wil wees op kampus, in ons onmiddellike omgewing én in Suid-Afrika, kan ons nie liewer so sê en die jargon eerder laat staan nie?

Ek ondersteun wél die beginsels van die uitgangspunte, maar wil graag sien dat dit beter uiteengesit word.

*– My stuiwer in die armbeurs*

### *Mnr Mohamed Shaikh, Senior Direkteur: Kommunikasie en Skakeling, antwoord:*

*Die agt aspekte onder die voorgestelde Visie 2015 was slegs breë vertrekpunte om die gesprek oor 'n nuwe visie vir die Universiteit Stellenbosch te stimuleer en wyer inspraak van die kampusgemeenskap te bekom. Dit was ook nog glad nie stilisties of taalkundig versorg nie. Visie 2015 was een van die besprekingspunte by die Institusionele Beplanningsforum aan die einde van Januarie 2010 en die insette van personeel op die nuusblogs is ook in aanmerking geneem. Die gesprekke rondom Visie 2015 duur voort, en personeel en studente se kommentaar sal by die terugvoering aan die Universiteitsraad ingesluit word. Hou die nuusblogs dop vir meer inligting: http://blogs.sun.ac.za/visie2015.*

## Wen 'n boek met jou brief




Soos verlede jaar, gee *Kampusnuus* weer hierdie jaar 'n boek aan die gelukkige leser wat die beste brief instuur. In ons volgende uitgawe sal ons aankondig wie hierdie maand se wenbrief ingestuur het en 'n gratis eksemplaar van *Wetenskaplike Skryfvaardighede: Riglyne vir die skryf van tesisse en proefskrifte* deur Amanda Lourens gewen het. Die boek word verskaf deur die Stellenbosse kampusuitgewer SUN MeDIA en die nuwe kampusboekwinkel MY MeDIA. Stuur jou brief voor 15 Maart aan kampusnuus@sun.ac.za of per faks aan 021 808 3800 of lewer dit af by *Kampusnuus*, Admin B-gebou. Vir meer oor dié wenboek, en ander titels deur SUN MeDIA besoek www.sun.sun-e-shop.co.za en lees meer op bl.7 van twee nuwe boeke deur dié uitgewer.

Send your letter to the Editor: *Kampusnuus* at kampusnuus@sun.ac.za or fax to 021 808 3800 or deliver to Admin B building not later than 15 March 2010. You may use a pseudonym, provided that your name and physical/e-mail address (not for publication) is supplied to the editor.

# SKA Research Chair for E&E



Dr Bernie Fanaroff, Director of the SKA project, doing a television interview at the South African SKA Youth into Science and Engineering Programme Conference where the five new SKA Research Chairs were announced by the DST

**The Department of Electrical and Electronic Engineering has received a Research Chair dedicated to the Square Kilometre Array (SKA) project, one of five Chairs made available to South African universities. This is part of South Africa's commitment to strengthen cutting-edge science and engineering in South Africa and to hosting the SKA. These Chairs form part of the South African Research Chairs Initiative (SARChI) of the Department of Science and Technology (DST) and the National Research Foundation (NRF).**

The research focus of the Stellenbosch University (SU) Chair is electromagnetic systems and electromagnetic interference mitigation for the SKA.

Thirteen proposals were received from various universities. These were adjudicated by a panel comprising international and local astronomers, representatives from the South African SKA office, the DST and the NRF. The panel allocated a Chair to the Department of Electrical and Electronic Engineering on the basis of good organisational structure and appropriate institutional support; the suitable location of the Chair; the fact that it will be an expansion of the existing capacity; the well-written proposal in terms of focus and science; the Department's good track record of producing excellent postgraduate students and the Electronics and Electromagnetics Research Group within the Department of Electrical and Electronic Engineering's close work with the Karoo Array Telescope (MeerKAT) project.

The value of each Research Chair is R3 million per year for 15 years, subject to review after each five-year period. The successful universities are now expected to find an internationally recognised and dynamic researcher to take up the position.

Prof Petrie Meyer, Chairperson of the Department of Electrical and Electronic Engineering, says: "The Department is thrilled to receive this Research Chair. It will add an experienced researcher of international standing to our research pool, with the result that the research output will also increase. While the Department already hosts the largest high-frequency group in Africa, the extra Chair will bring new skills and a new research focus".

South Africa and Australia are finalists in the bid to host the SKA, the world's most powerful radio telescope. By 2012 the international community must decide between the South African and Australian bids, which are being developed in parallel. South Africa's technology demonstrator, the MeerKAT, is a scaled-down version of the SKA, but will in its own right be among the largest and most powerful telescopes in the world. It is being constructed adjacent to the site proposed for the SKA near Carnarvon in the Northern Cape.

Dr Bernie Fanaroff, South Africa's SKA Project Director, says: "The SKA represents an unrivalled opportunity in Africa for high-level capacity building in telecommunications, imaging technology, receiver technology, high-speed computing, antenna engineering, space physics and advanced computation".

According to Prof Meyer, the immense interest in the SKA is because "space has always held a fascination for the scientifically inclined. Among other goals, the SKA aims at looking back further into the past than any other means available to mankind, and is therefore of prime interest to a number of scientific studies. From the engineering side, it is a project on a massive scale, of which every single component is designed (or will be) at the cutting edge of technology. Already some of the engineering companies involved have developed prototypes never seen before. The SKA programme is also set to be a huge driver in the development of very highly trained human capital, something South Africa is sorely in need of".

# *Kampus maak ook reg vir Wêreldbeker 2010*

Die groot regmaak vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi is ook op die US-kampus merkbaar – soos met die voertuigpoel se motors en bussies wat pryk met 2010-plakkers op hul deure of 2010-sokkerhemde wat Vrydae op die kampus gedra word.

Die US se Wêreldbeker-bewusmakingsveldtog het in Junie verlede jaar begin met 'n veldtog vir die Maties. US-plakkate vir die toernooi is sedertdien op kampus vertoon.

Ook die akademiese jaar het vir Wêreldbeker 2010 vroeër begin. Ná die eerste semester dus vroeër eindig, word 17 Stellenbosse koshuise ingerig om daagliks 3 000 besoekers tydens die maandlange toernooi vanaf 11 Junie te akkommodeer. Accommodation Options in Gauteng behartig dié besprekings.

Die akkommodasie is vir besoekers wat nie in hotelle of gastehuise nie maar eerder in die "packbackers"-kategorie wil tuisgaan. Besprekings kan onder meer vervoerreëlings na en van die Groenpunt-stadion in Kaapstad insluit, of selfs toere soos na wynplase in die omgewing.

Die 17 US-koshuise wat vir besoekers ingerig word, is Dagbreek, Erica, Heemstede, Helderberg, Huis Marais, Huis ten Bosch, Huis Visser, Irene, Lydia, Majuba, Metanoia, Minerva, Nemesia, Nerina, Serruria, Simonsberg en Sonop.

'n Opwindende projek op die kampus is die lys sokkerterme wat nou in drie tale, isiXhosa, Afrikaans en Engels, saamgestel word. Pumlani Sibula, hoof van die Taalsentrum se Eenheid vir isiXhosa, koördineer die projek en behartig die isiXhosa-deel daarvan.

Geesdrif onder studente loop hoog met projekte wat wissel van Jooltemas tot koshusie wat sokkerafrigting in Kayamandi doen. Op Vrydag 26 Februarie is daar in en om die Neelsie 'n aanslag op 'n rekord wanneer soveel mense as moontlik op een plek gelyk gaan sokker speel.



Stephen Festus (regs) van die US Voertuigvloot en Neville Manuel (links) van Aankope en Voorsieningsdienste is hier met hul geel sokkerhemde by twee van die US se voertuie met 2010-plakkers *(Anton Jordaan, SSFD)*

# *US verloor 'n lojale werker*



Mnr Henry Arnolds, 'n Assistent in die Fakulteit Ingenieurswese, het op 7 Februarie tragies verdrink. Mnr Arnolds was vir 25 jaar in diens van die Universiteit en was verbonde aan die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese (E&E). Kampusnuus wil graag saam met die kampusgemeenskap diepe medelye met sy vrou, Sophia (wat ook by E&E werk), sy twee dogters en sy familie betoon.



Op die foto verskyn al die PRONTAK/PREDAC 2010 deelnemers en fasiliteerders

# PRONTAK inspireer nuwe dosente

**Die twaalfde bestaansjaar van die Universiteit Stellenbosch (US) se gewilde Professionele Onderrigontwikkelingsprogram vir Akademici (PRONTAK, of PREDAC in Engels) is met rekordgetal deelnemers ingelui. 'n Groep van 70 pas aangestelde US-akademici het PRONTAK/PREDAC 2010 vanaf 18 tot 21 Januarie by die Goudini-konferensiesentrum bygewoon.**

Weens die Wêreldbekersokker word PRONTAK nie vanjaar soos gewoonlik in Julie herhaal nie, en is die program aangepas om in een week in Januarie vir alle deelnemers plek te maak. "Ons moes behoorlik spook om die program in 'n nuwe vorm te giet wat steeds maksimum deelname deur alle dosente kon toelaat," sê dr Karin Cattell van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL). Dr Cattell het vanjaar die leisels van die program oorgeneem. Die program is vir die eerste keer oorwegend in gelyklopende sessies aangebied. Nóg 'n PRONTAK-nuutjie was die rekenaarsgebruikersarea (RGA) wat vir die duur van die program tot deelnemers se beskikking was.

Die deelnemers kom uit altesaam 10 fakulteite en 32 departemente oor die hele US (wat Elsenburg insluit). Sommige het tot 23 jaar se onderrigervaring agter die rug; ander is algehele groentjies. Die PRONTAK-program het hierdie verskille in ag geneem deur 'n wye verskeidenheid onderwerpe te dek, soos die US-konteks, die beplanning van 'n module (uitkomste en assessering), en die bevordering van studenteleer (hoe om studente daadwerklik te betrek). Vier keusesessies, wat onder meer oor doeltreffende onderrig met nuwe tegnologie, en navorsing oor onderrig gehandel het, was 'n verdere innovasie in vanjaar se program.

Fakulteitsverteenwoordigers proff Juanita Bezuidenhout, Johann de Villiers, Hennie Kotzé en Doug Rawlings het 'n paneelgesprek oor die drie rolle van 'n akademikus aan die US gelei. In aansluiting daarby het die drie US-viserektore, proff Magda Fourie, Arnold van Wyk en Julian Smith, oor aandete beurtelings oor onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie aan die US met deelnemers gesels. "Wat ek besonder interessant en nuttig gevind het in vanjaar se PRONTAK-program was die geleentheid om op informele wyse met nuwe dosente gedagtes uit te ruil, en ook bewus gemaak te word van hulle frustrasies en verwagtings," sê prof Fourie.

Ook die deelnemers se terugvoer het getoon dat PRONTAK vir hulle 'n waardevolle ervaring was. "'n Wonderlike leer- en netwerkgeleentheid," sê een dosent, terwyl 'n ander soos volg opmerk: "Deur my na PRONTAK te nooi het die US getoon dat dit regtig in my as 'n individu en lid van 'n gemeenskap wil belê. Ek het dit baie waardeer én gewaardeerd gevoel. Ek het dit nog nooit in al my jare as 'n werknemer ervaar nie."

Die PRONTAK-kortkursus bestaan uit drie modules, waarvan die deelnemers module 1 voltooi het. Die ander twee modules strek oor die res van die jaar, en bestaan uit klasbesoeke op uitnodiging, deelname aan werksessies en toegespitste belangegroepe (FIG's), en 'n minikonferensie vir PRONTAK-deelnemers in November. Deelnemers kan ook 'n portefeulje van hulle werk saamstel en gedurende die jaar aan 'n mentorprogram deelneem.

- Vir enige vrae of meer inligting oor PRONTAK, skakel gerus met dr Cattell van SOL by telefoonnommer 021 808 3074/2813 of e-posadres kcattell@sun.ac.za.

# Eenstopdiens sal dienslewering versnel

**Fasiliteitsbestuur se nuwe afdeling, Fasiliteitsdienste, wat op 1 Januarie 2010 bekendgestel is, sal van nou af alle fasiliteitsbestuursdienste en prosesse op 'n geïntegreerde een-stop-diens basis integreer, koördineer en fasiliteer om sodoende dienslewering te versnel. 'n Gerekenariseerde fasiliteitsbestuurstelsel, Infor EAM, is vir dié doel aangeskaf en word reeds sedert 1 Februarie geïmplementeer. Vanaf 1 Maart sal alle Fasiliteitsbestuurfunksies daarop geïntegreer wees.**



Fasiliteitsdienste se span agter van links is mnre Malan Oosthuizen en Paul Arendse en mee Sanel Barnardo, Linda Barnard en mnr Niven Adonis. Voor van links is mee Nettie Olivier en Charmaine Klein, mnr Trevor Hoeben en mee Roseline Layman en Priscilla Booysen *(Anton Jordaan, SSFD)*


Volgens mnr Chris Munnik, Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur, is Fasiliteitsbestuur saamgestel uit 'n wye verskeidenheid van spesialiteite en is dit te verstane dat die algemene kliënt onseker kan wees oor wie waarvoor genader moet word.

"Die nuwe eenstopdiens sal die verwarring help uitskakel. Die eenstopdiens se hulptoonbank by die Fasiliteitsdienste afdeling sal dien as 'n enkele aanmeldingspunt vir alle behoeftes, gebreke en dienste," sê hy.

Personeel kan dus van nou af alle nuwe versoeke of aanmeldings rakende ruimtebehoeftes, bouprojekte, instandhouding, terreindienste, nutsdienste en risiko- en beskermingsdienste by 021 808 4666 rapporteer of 'n e-pos rig aan fmhelpdesk@sun.ac.za. Fakse kan ook aan 021 808 4669 gestuur word.

Volgens mnr Paul Arendse, Hoof van Fasiliteitsdienste, sal die normale Klein Kapitale Werke (KKW) aantekenproses en rekwisisies steeds gebruik word en nou deur middel van die fasiliteitsbestuursagteware bestuur word. Kliënte se behoeftes sal deur die hulptoonbankpersoneel op die nuwe fasiliteitsbestuursprogram aangeteken word en deur middel daarvan bestuur en gemoniteer word.

"Normaalweg is die eerste reaksie dan dat die kliënt 'n e-pos uit die stelsel ontvang om die registrasie van die behoefte te bevestig. In persoonlike noodgevalle sal die oproep egter onmiddellik hanteer word deur Risiko en Beskermingsdienste," sê mnr Arendse.




"Nadat die hulptoonbankpersoneel die behoefte aangeteken het, word dit vir aksie na die toepaslike afdeling of persoon deurgevoer. Die aangewese Fasiliteitsbestuurder en die onderskeie bestuurders kan die uitvoering moniteer en koördineer om optimale kliënt tevredenheid te verseker."

Die nuwe program sal ook die vordering met elke geval moniteer en vergelyk met die ooreengekome diensvlak. Bestuur en personeel binne Fasiliteitsbestuur sal ingelig word indien daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n geval nie volgens die ooreengekome diensvlak afgehandel sal word nie.

Volgens mnr Munnik is enkele fasiliteitsbestuurders ook aangestel en aan spesifieke omgewings toegedeel om die totale spektrum van gespesialiseerde fasiliteitsfunksies en -dienste te integreer en te koördineer in hierdie omgewings. "Die nuwe benadering beloof om groot voordele in te hou vir US gebruikers ten opsigte van eenvoud, diensgehalte, deurlopende kommunikasie en kostedoeltreffendheid. Dit gaan egter nog 'n rukkie neem om die stelsel te vestig, enkele vakatures te vul en die nuwe prosesse proefondervindelik te belyn," sê hy.

Die span wat die kampus sal bedien in Fasiliteitsdienste is mnr Paul Arendse, Hoof: Fasiliteitsdienste; mnr Malan Oosthuizen, waarnemende Fasiliteitsbestuurder (Stellenbosch-kampus); me Charmaine Klein, Fasiliteitsbestuurder: Sport kampus; me Sanel Barnardo, Fasiliteitsbestuurder: Tygerberg- en Bellville Park-kampus; mnr Trevor Hoeben, Bestuurder: Hulptoonbank; mnr Niven Adonis en me Linda Barnard, Hulptoonbankoperateurs; me Nettie Olivier, Administratiewe Beampte: Parkering; me Priscilla Booysen, Kommunikasiebeampte: Fasiliteitsbestuur en Roseline Layman, Assistent by Fasiliteitsdienste.

■ Enige leemtes, sowel as kommentaar of terugvoering kan aan mnr Arendse by pwa@sun.ac.za of 021 808 4177 gerig word.

# *'Nothing is impossible...'*

Acclaimed singer, actor, dancer, Director of the Creative Arts and Educational Theatre Programme at the Africa Centre for HIV/Aids Management and now the first UNAIDS National Goodwill Ambassador in South Africa. Prof Jimmie Earl Perry (photo) is a man of many talents and he is using them to spread the word about HIV/Aids.

Perry is also being scrutinised by the United Nations to become an International Goodwill Ambassador once his year as National Goodwill Ambassador comes to an end.

Perry – appointed National Goodwill Ambassador from December 2009 to December 2010 – says that his new position gives his current work a bigger platform, helping him to spread his message even further than he has done up to now. "This position presents a greater leadership challenge for the work I do, it means greater visibility and it will magnify the work I do."

He recalls that, when he first came to Stellenbosch in 2004, his mandate was to develop a new educational tool in Afrikaans for HIV/Aids. He had no idea what he was going to do but he has always believed that nothing is impossible. "When you're creative, you make it happen. So I created educational theatre, which is my Flagship project here."

He has had tremendous success with his work at the Africa Centre. Perry says that, in the last four years since he created the educational theatre production, over 200 000 people have viewed the 30-minute piece. The main objective was for people to obtain basic information and – ultimately – to know their status; a total of 70% of these people now know their HIV status.

Perry will continue what he has been doing in his capacity as National Goodwill Ambassador. Some of the projects that he will be working on are the annual World Aids Day Concert as well as a collaboration with different artists and musicians on a new album that is coming up very soon, featuring Ladysmith Black Mambazo and other South African artists.

"These will be my tools to get my message out that people should know their status, that we should eradicate all the stigma attached to HIV and that we should let people know that being infected with the virus is not a death sentence but that there are extraordinary medications and treatments available." Along with these tools, Perry wants to make the powers-that-be – whether government or pharmaceutical companies – aware that treatment has to be accessible to every human being. "That's going to be a great focus. We all have the right to live our lives, whether infected or affected by this disease."

Education is the key, Perry says. "Understanding one's sexual behaviour through education and through mature and responsible discussion is where we have to start. We have to think more clearly."



The work to be done sounds like a huge task for a man already working so hard to spread the HIV/Aids message but Perry says that he has great people working with him and that one always finds the time. "We're capable of many things. The joy I get out of my work makes it all worthwhile. You find the time."

– Ilse Arendse

# Manager for school partnerships focused on building relationships



Building solid, reciprocal relationships. This will be the task of the new Manager: School Partnerships in the Division for Community Interaction. Ms Rolene Liebenberg (photo) will be responsible for exploring the potential of a coordinated approach to school interventions by Stellenbosch University (SU) in schools in the Stellenbosch municipal area.

"This project is part of a greater vision for SU, a vision that wants to see teachers, learners and the school system supported to deliver more well-prepared learners from all communities entering SU and other higher education institutions," explains Rolene.

Rolene has 13 years project management experience and 21 years experience in teaching mathematics at both high-school and tertiary level. She also has 10 years experience in training mathematics teachers. She has four degrees – a Masters in Education (Mathematics) from the University of Leeds, and a Bachelor of Science from the University of Cape Town (UCT) – and a Higher Diploma in Education (Mathematics and Science) from UCT. Her most recent qualification is a Master of Business Administration from the UCT Graduate School of Business.

Rolene believes that, to increase the number of learners who gain entry to the University from its immediate communities, it is best to understand the reasons why learners from some communities do not come to SU. This entails increasing learner support and capacity and focusing on creating partnerships to improve teaching and management capacity at schools.

"I'm going to do an in-depth study of the needs and interests of schools in the communities surrounding the University as well as an audit of the resources that SU can provide," she says.

Rolene says that she is well aware that the University does not have an unlimited amount of resources at its disposal. This is why she will, first and foremost, be focusing on what the needs and interests are and then matching those needs and interests to what the University can provide or is already providing in the communities.


She emphasises that SU does not want to create a culture of dependency but that the University wants to understand what the challenges are so that the right type of support can be provided from the Foundation Phase right through to FET level.

For the next six months, Rolene will be working on turning vision into reality. She will be further strengthening coordination between the Division for Community Interaction and the various faculties, departments, units and divisions at the institution.

Of course, this initiative is going to take more than simply planning and coordination, says Rolene. "We're going to need the will to drive this project from every participating stakeholder. I've already started to communicate with the WCED Circuit Team Manager, Mr Willie Maliwa, to establish ways of coordinating our work in schools with theirs and to support each other in addressing the challenges that schools face."

It is obvious that Rolene is passionate about the community interaction work that she will be doing at SU and about addressing the challenges of the broader socio-economic contexts in which schools function. She believes that "we have a lot to offer our schools but we also have a lot to learn about our schools and the challenges that they face to ensure that learners reach their full potential."

Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel says: "With the addition of Rolene to our staff, we shall now be able to give adequate and sustained attention to a crucial category of partnerships as expressed in our strategic framework, with the real possibility of making a huge impact."



# WOW doen dit vir die gemeenskap!

Die US Woordfees bied vanjaar weer die immergewilde Mardi Gras op Saterdag 6 Maart vanaf 10:00 tot 14:00 aan. Hierdie gratis verskeidenheidsprogram sal op die historiese Braak in Stellenbosch plaasvind.

Om dinge egter in rat te kry, word daar met die gewilde langarmdans by die AF Louw Skoolsaal op Vrydag 26 Februarie afgeskop. Kaartjies kos R50 per persoon en die Naturals maak die musiek.

Om die naam gestand te doen, bied die Mardi Gras en Baljaar Karnaval uiteenlopende vermaak wat iets vir die hele gesin bied. Daar sal stalletjies wees met 'n wye verskeidenheid produkte en lekker feesdisse om hongerpyne te stil. Die jongspan kan hulself van vroeg tot laat met springkastele, mallemeules, 'n klimmuur en ander vermaak besig hou.

Op die verhoog sal die sjarmante Grant Johnson van *Heart 104.9* mense gratis vermaak en verskeie plaaslike sterre bekendstel. "Hilda en oom Oubaas" van *7de Laan*, oftewel Annelisa Weiland en Pierre van Pletzen, is maar enkele van talle bekendes wat jy hier sal raakloop. Hulle sal Saterdagaand ongeveer 20:00 by die Baljaar Karnaval op die Van der Stel-sportgronde te sien wees.

Asof dit nie genoeg is nie, kan feesgangers na verdere vermaak by Van der Stel uitsien, waar ons groot Karnaval vir die tweede keer aangebied sal word. Hier sal ook stalletjies wees en sterre soos Emo Adams, Zinkplaat en die N2 Jazz Band sal op 5 en 6 Maart optree. Dié kunstenaars sal almal se voete behoorlik laat jeuk. Daar is ook 'n sokkertoernooi vir die jongspan waar *Supersport* se *Let's Play* gaan inloer, asook spelers van Santos en Ajax Cape Town.

Die Mardi Gras is gratis, maar 'n toegangsfooi van R10 vir volwassenes en R5 vir leerders word by die Karnaval gevra. Kom vroeg om 'n lekker plek te kry en geniet die dag saam met ons!

■ Vir enige navrae oor die Mardi Grass en Karnaval, skakel gerus die organiseerders: Eric Arnolds (082 228 6210), Shireen Crotz (083 237 7059) en Fiona van Kerwel (072 117 3483). Persone wat nog daarin belang stel om 'n stalletjie aan te bied, kan gerus vir Ganief Dulve by 082 226 9307 of by 021 872 9799 skakel.

Links: Hilda (Annelisa Weiland) en Oubaas (Pierre van Pletzen) van *7de Laan*-faam is van die sterre wat by die Woordfees sal wees

# Sanlam Dramafees sorg vir hoogtepunte

Enkele hoogtepunte van die US Woordfees waarna dramaliefhebbers kan uitsien, sluit die volgende in:

■ Hertzogpryswenner Deon Opperman se *My Sarie Marais* kom maak 'n Kaapse draai.

■ Daleen Kruger se *Draadwerk* is die Nagtegaal-tekspryswenner wat vanjaar op die Woordfees debuteer.

■ Nico Luwes se produksie *Maskermaan*, waarin die digters Louis Leipoldt en Eugène Marais karakters word, word vanaf die Vrystaat gebring.

■ Die vermaaklike *Adam September en die Nazi-skat* spog met ensemblespel van Marius Weyers, Ben Kruger, Ivan Abrahams en Christo Davids.

■ Antoinette Kellermann verken die realiteit van manwees in *As die broek pas*, gegrond op 'n ware verhaal in Duitsland tussen die twee wêreldoorloë.

■ Abduragman Adams en Riaan Visman verken maatskaplike probleme in die Kaap in *Kap 'an*, 'n opdragproduksie van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (bo).

■ Hennie van Greunen se vertaling van Mitch Albom en Jeffrey Hatcher se internasionale treffer, *Dinsdae by Morrie*, speel in sy Afrikaanse gedaante op die Matie-kampus af.


■ Willem Anker se bekroonde *Skrapnel* (regs onder) gaan sorg vir drama uit die boonste rakke.

■ Die sokker-tema kom aan bod in Gaerin Hauptfleisch se skreeusnaakse *Daan de Wet hou sy oog op die bal*.

■ In *'n Koeksister vir Zuma* steek die beminde tannie Evita Bezuidenhout (onder links) die draak met elke heilige koei onder die son.







# *Ikeys se regskenners kom wys hul staal*

Die US Woordfees is bevoorreg om vir die eerste keer 'n groep regskenners van die Universiteit Kaapstad (UK) se Fakulteit Regsgeleerdheid te verwelkom, wat in Afrikaans kom praat oor regskwessies wat almal raak. Prof Rochelle le Roux van die UK stel dié opwindende sprekers aan die woord in 'n reeks gesprekke wat in die Woordfees-week oor die middaguur plaasvind.

Op 1 Maart bespreek prof Pierre de Vos, wat die *Claude Leon Foundation*-leerstoel in Grondwetlike Regering aan die UK beklee, die vraag: *Is die grondwetlike regstaat 'n struikelblok op die weg na transformasie?*

Omgewingskwessies kom op 2 Maart aan die beurt wanneer prof Loretta Ferris, wat in Junie 2009 by die UK se Instituut vir Marine- en Omgewingsreg aangesluit het, krities na die jongste omgewingswette kyk.

Prof Jaco Barnard-Naudé, wat regsfilosofie aan die UK doseer en nagraads in Kreatiewe Skryfkunde studeer, werp lig op regskwessies wat digters in ag behoort te neem.

Stres in die werkplek word onder die loep geneem wanneer me Meryl du Plessis op 4 Maart vra: *Werkstres – verskoning of beroepsiekte?* Sy was voorheen aan die Universiteit van Johannesburg verbonde en doseer tans grondwetlike reg aan die UK.

Prof Elrena van der Spuy het onlangs die rol van die polisie in die konteks van Verenigde Nasies- en Afrika-Unie-vredesmissies nagevors. Op 5 Maart praat sy oor Suid-Afrikaanse polisievroue as vredesbeamptes in die Soedan.

Op weeksdae vind die gesprekke om 13:00 in die US Konservatorium se Jannaschsaal plaas, maar op Saterdag 6 Maart verskuif die aksie na die Ou Hoofgebou se JC de Wetsaal. Om 10:00 sit prof Hanri Mostert, mnr Tony Ehrenreich van Cosatu en prof Elmarie van der Schyff van die Noordwes-Universiteit koppe bymekaar oor die nasionalisering van minerale hulpbronne.

■ Kaartjies is teen R20 by die deur vir dié interessante gesprekke beskikbaar.

ProQuest, an international company providing digital resources to educational institutions such as Stellenbosch University, will be hosting renowned Zimbabwean author Shimmer Chinodya (photo) at this year's Wordfest. On 5 March at 17:00 the award-winning author converses with Annie Gagiano about his career as one of the continent's most successful authors. Chinodya is the author of the following texts, which established his reputation as a writer with an international readership: *Dew in the morning*, *Farai's girls*, *Child of war*, *Harvest of thorns*, *Can we talk and other stories*, *Tale of Tamari*, *Chairman of fools* and *Strife*. The event will be held in the kykNET-Boektent behind the Sasol Art Museum. On 4 March at 20:00, Chinodya will read from his work at the popular Skrywersgala, held at Stellenrust wine estate.



# *Departement Filosofie weer in die gewilde Filosofie-kafee*

Op 3 Maart om 19:00 kom lede van die US se Departement Filosofie in die Oude Libertas-restaurant bymekaar vir die gewilde Filosofie-kafee, wat al 'n instelling op die US Woordfees-program geword het.

In die gees van die sokkerwêreldbeker pak die filosowe mekaar oor die onderwerp: *Speel die man en nie die bal nie*. Daar word geredeneer en geteoretiseer oor woorde soos doel, veld, reëls, span, toeskouers, kaptein, skeidsregter en spel.

Kom raak baldadig en balhorig oor woorde saam met Anton van Niekerk, Tanya de Villiers, Paul Cilliers, Minka Woermann, Louise du Toit, Johan Hattingh, Hannes Smit en Vasti Roodt.

Feesgangers wat dié geleentheid bywoon, kan wyn en versnaperinge van die Oude Libertas-restaurant se splinternuwe spyskaart bestel. Kaartjies kos R60 – bespreek betyds voor dit uitverkoop is!

# Kontaksentrum sal interne én eksterne kliëntediens verbeter

**Die Universiteit Stellenbosch (US) het vroeg in 2010 'n splinternuwe elektroniese kontaksentrum in werking gestel om alle navrae wat voorheen na die Registrateurskantoor en die afdelings Toelating, Voornemende Studente en Studenterekords gestuur is, te hanteer. Die sentrum is in die Admin A-gebou, en word deur ses agente en 'n bestuurder beman. *Kampusnuus* het met die kernrolspelers van die projek gesels.**



Hier is die kontaksentrum-agente wat navrae oor die US in 'n japtrap sal beantwoord! Agter van links is mee Charlene Holding, Wilna Wessels en Cheryl Richardson. Voor van links is me Selina Kgaswane, en mnre Mathew Smorenburg en Gavin Nimmo *(Anton Jordaan, SSFD)*

"Die grootste rede vir die skep van so 'n elektroniese kontaksentrum was om 'n beter diens aan interne én eksterne US-kliënte te lewer," verduidelik die kontaksentrumbestuurder, mnr Darryn Havenga. "Ons wil 'n omgewing skep waar kliënte nie net van een persoon na 'n ander deurgeskakel word en uiteindelik glad nie gehelp word nie. Ons wil inbellers uit die staanspoor 'n beter beeld en ervaring van die Universiteit gee."

Kliënte wat nou die sentrale kontaknommer (021 808 9111) bel, word deur 'n outomatiese stem versoek om aan te dui of hulle in Afrikaans of Engels bedien wil word, waarna 'n agent die navraag verder hanteer. Die sentrum hanteer ook alle fakse en e-posse wat na 021 808 3822 en info@sun.ac.za gestuur word.

Die nuwe kontaksentrum, wat sedert 4 Januarie in werking is, het reeds op die eerste dag 1 200 oproepe hanteer. In Januarie het die sentrum altesaam 23 000 oproepe ontvang, waarvan 53% onmiddellik afgehandel, en die res na die tersaaklike persoon/afdeling deurgeskakel is.

"Die doel van die kontaksentrum is onder andere om mense se werklas te verlig, sodat hulle hul kernfunksies doeltreffender kan vervul in plaas daarvan om basiese vrae te moet beantwoord wat maklik deur die kontaksentrum hanteer kan word, " sê mnr Havenga.

Die Registrateur, mnr Johann Aspeling, wat oorhoofs vir die kontaksentrum verantwoordelik is, sê die mikpunt met die sentrum is om bykans 60% van inbellers se navrae daar en dan te beantwoord. Die agente wat die sentrum beman, is almal gegradueerdes met omvattende kennis van die werking van 'n universiteit. "Tans hanteer die kontaksentrum navrae oor voornemende studente se werwing en toelating, studenterekords en voorgraadse beurse. Ons hoop om binne afsienbare tyd navrae oor studentegelde, kursusse en eksamens daarby te kan voeg, en mettertyd die diens selfs verder uit te brei," sê hy. Oproepe word vir gehalte- en verslagdoeningsdoeleindes op band opgeneem.

Volgens mnr Aspeling is hulle bewus van enkele knelpunte wat aandag verg, en sal hulle byvoorbeeld voortaan dalk gedurende registrasietyd meer tydelike agente aanstel om die groot aantal navrae te hanteer. Hy versoek voorts US-personeel om hulle elektroniese naslaangidse te gebruik om interne kontaknommers te soek, aangesien die kontaksentrum nie meer interne telefoonoproepe sal deurskakel nie. Die sentrum moet ook nie gebruik word om oproepe na buite te maak nie.

Volgens prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, is die elektroniese kontaksentrum die eerste van drie fases om uiteindelik 'n volledige kliëntedienssentrum te skep. Die ander twee fases behels 'n 'mensgegronde' kontaksentrum waar kliënte kan instap en hulp vra, en spesialiste na wie kliënte met buitengewone navrae verwys sal word. "Dít sal verseker dat ons doeltreffender in 'n groeiende en meer diverse studentekorps se administratiewe behoeftes voorsien, en sal puik dienslewering moontlik maak."

Nóg 'n beoogde kliëntediensverbetering is om die US se 'voordeur' mettertyd van die Admin B-gebou na die meer sentrale Admin A-gebou te verskuif, en dit meer gebruikersvriendelik en verwelkomend in te rig.

# *Student blogging helps University offer better support to first years*




A student blog known as PLakker, which provides first-year students with the opportunity to share their experiences with fellow students, is helping Stellenbosch University (SU) to understand the first-year journey better. PLakker is a campus-wide initiative that aims to create a safe, user-friendly environment for students to share their experiences of their first year. The bloggers – or PLakkers – serve as catalysts for other first years to participate in the discussion, highlighting their in-class experiences but also describing how they perceive the out-of-class culture at SU.

According to Dr Susan van Schalkwyk, Deputy Director: Centre for Teaching and Learning, PLakker is based on an understanding that students' learning experiences are not necessarily limited to the classroom, thus emphasising the holistic approach to student success adopted by the University's First-year Academy. "The idea was drawn from the successful first-year blog at the University of Melbourne and has been in place at SU since June 2009," she explains.

PLakker was implemented after the Rector's Management Team approved the development of blogs to communicate with various target groups in new, innovative ways. The blog is a joint initiative by the Student Representative Council, Communication and Liaison and the First-year Academy. The Student Representative Council chose the name "PLakker", as it combines the abbreviation for the words 'personal login' – PL – and the famous Matieland akker ('acorn' in English).

Dr Van Schalkwyk explains that first-year students apply to participate in the project and that, this year, 13 new PLakkers have started posting their experiences on the blog. Their postings to date include discussions about the university's annual RAG – "I lost half my voice during *Akkerjolle*! The other half during *Trollies*! Danced the night away during *Vensters* and folded flowers like it's what my life depended on for *Vlotte*! I think one thing remains the same for all first years during RAG: the lack of sleep!" – and their first impressions of student life at SU. "Ten minutes. That's the amount of time we get to get from one lecture hall to another, regardless of traffic, geographical location and/or the weather!" writes one student.

Other discussions focus on the lack of prominent clocks on campus: "There are absolutely NO public clocks on campus! Not in the Neelsie, not on the Rooiplein, nowhere! I think life in the 'Bos' would be a lot more interesting if a 10m clock were stationed above the Rooiplein." One student even encouraged fellow students to speak to their lecturers about any difficulties that they might experience in their studies: "The lecturers (or at least 95% of them) will greet you with a broad smile if you come to them with your problems. Or, at least, my lecturers do."

By analysing the bloggers' postings and the comments of other students on these postings, insights gleaned from this exchange of information can shape the way in which the University understands how first-year students experience the institution. "We hope that this glimpse into the first-year experience will provide an opportunity to contribute to the ongoing process of reflection and renewal regarding the way in which these students are integrated and incorporated into our learning community," says Dr Van Schalkwyk.

■ For more information, visit PLakker at http://blogs.sun.ac.za/plakker/.

# SAS bied beter en doeltreffender diens

*(van bladsy 1)*

Die SSS sal hoofsaaklik verantwoordelik wees vir die Studenteraad (wat die Tygerbergse Studenteraad en die Militêre Akademie Studentekomitee insluit), Joolaangeleenthede, die Akademiese Belangeraad (ABR), Maties Gemeenskapsdiens (MGD), leierskapsontwikkeling (wat die vestiging van die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskaps-ontwikkeling insluit), *Die Matie*, verenigings, studentewelweeskomitee, multikulturalisme en diversiteit, studente met maatskaplike ondersteuningsbehoeftes, die verwelkomingsprogram vir nuwelingstudente, en bepaalde beleidskwessies wat die studentegemeenskap raak, soos seksuele teistering en alkohol- en middelmisbruik.

Op sy beurt sluit die SSG se hoofverantwoordelikhede die volgende in: die ResEd-program en -groepe, wat die bestuur en koördinering van die ResEd-koördineerders, koördineerders van leer- en leefgemeenskappe, en koshuis- en PSO-mentors insluit; studentehuisvesting, wat leer- en leefhuise insluit; alle PSO-verwante aangeleenthede; optimale Universiteitswye integrasie van koshuis- en PSO-studente, en alle beleidskwessies wat met koshuis- en PSO-aangeleenthede verband hou.

Dr Botha sê studenteleiers is uit die staanspoor by die proses betrek, en hulle bydraes sal dus deurentyd verreken word. Die Studentedekaan sal 'n lid van die Rektor se Bestuurspan bly om toe te sien dat studentebelange deurentyd gedien word.

"Ons nooi akademiese personeel en studenteleiers om met die nuwe afdeling te skakel en veral gebruik te maak van die groot verskeidenheid dienste en ondersteuningsmeganismes wat die onderskeie sentra bied," sê dr Botha.

"SAS is veel meer as die blote samevoeging van bestaande entiteite. Die nuwe omgewing is bedoel om 'n vars, doeltreffende en studentegerigte samewerkingsdinamiek met akademici en studente te bewerkstellig. Ons gaan hard werk om aan die voorpunt van studente- en akademiese steun te bly," sê dr Botha.

■ Rig enige navrae oor die nuwe afdeling aan dr Botha by hlb@sun.ac.za of telefoonnommer 021 808 4585.

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS









**TE KOOP / FOR SALE**

**For Sale:** 3-bedroom town house in Lengro Park security complex in De Tjiger. 5km from Tygerberg hospital. Contact 082 979 4667

**Tazz for Sale:** 2004 White Tazz. 98 000km Tel: 021 808 4633 or 082 979 4667

**TE HUUR / TO LET**

**Strand:** Ruim 2-slaapkamer, 2-badkamer woonstel op Strandfront geleë. Panoramiese see-uitsig. Onmiddelik beskikbaar. Toesluitmotorhuis. Uitstekende sekuriteit. Tel: 021 853 6484 of 076 565 6251

**Sowerset-Wes:** Woonstel vir 1 persoon in veiligheidskompleks in stil area. Ongemeubileerd. Ruim slaapkamer met ensuite badkamer, sit/eetkamer en balkon met pragtige uitsig, kombuis, private ingang, veilige parkering, ADT. Nie-roker. Geen studente. R3 100 per maand, water en elektrisiteit ingesluit. Skakel 021 855 4495 of 082 332 7220

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Stellenbosch:** Selfsorg-akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Southern Suburbs – Stellenbosch:** Lift needed from Southern Suburbs to Stellenbosch. Please contact L Rademeyer at 021 887 3113 (office) or at 021 797 9649 (a/h), or email lr2@sun.ac.za

*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Maandag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die voorafgaande Maandag. Advertensies: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Monday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the preceding Monday. Advertisements: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 or chenry@sun.ac.za

# Rondreisende uitstalling te sien



Die rondreisende uitstalling van Suid-Afrikaanse en Franse litografie, *RENDEZVOUS focus Original Lithography*, word van 20 Januarie tot 24 Februarie 2010 by die Sasol Kunsmuseum in die Eben Dönges Sentrum in Ryneveldstraat aangebied.

Werke van internasionale kunstenaars soos Pablo Picasso, Man Ray, Yves Klein en Wassily Kandinsky en gewilde Suid-Afrikaanse kunstenaars soos William Kentridge, Diane Victor, Judith Mason, Hanneke Benade, Tommy Motswai en Conrad Botes is te sien. 'n Katalogus van die uitstalling is ook by die Museum teen R100 vir studente en R150 vir die publiek te koop.

Die kurator van die tentoonstelling, Paul Boulitreau, het die projek *Rendezvous* in 2007 van stapel gestuur. In daardie jaar was die fokus beeldhouwerk en in 2008 was dit draagbare kuns. Deur middel van dié projek word geld ingesamel vir studente wat dit nie kan bekostig om in die beeldende kunste te studeer nie. 'n Uitruilprojek tussen Frankryk en Suid-Afrika vorm deel hiervan. Ses tot agt Suid-Afrikaanse kunstenaars kry die geleentheid om in die Atelier Pons in Parys te werk.

Oorspronklike steendrukke uit die Atelier Pons se versameling is deel van die uitstalling. Die Atelier is in 1937 deur die meesterdrukker en kunstenaar Jean Pons begin. Die werke is van kunstenaars wat saam met Jean en sy dogter, Elizabeth, in die ateljee gewerk het.

Boulitreau het aan die Atelier de Sevres studeer en het tentoonstellings in Parys, Keulen en New York gehad. Sedert 1996 woon hy in Suid-Afrika.

Hierdie Frans–Suid-Afrikaanse uitstalling is moontlik gemaak deur die samewerking van Mark Attwood se Artist Press Studio in Witrivier, die Artist Proof Studio in Johannesburg en die Elizabeth Pons Studio in Parys, Frankryk.

Die Suid-Afrikaanse kunstenaar Leon de Bliquy, wat ná 'n afwesigheid van 15 jaar na Suid-Afrika teruggekeer het, sal rondleidings van die *Rendezvous*-uitstalling doen om die tegniese en estetiese waarde van die werke uit te lig.

Die Museum is op Maandae van 10:00 tot 16:30 en Dinsdae tot Saterdae van 09:00 tot 16:00 oop. Toegang tot die Museum kos R5. Skakel 021 808 3524 of 021 808 3029 vir meer besonderhede.

# *Sisters explore cultural heritage*

**In December 2009, sisters and artists Katy and Rebecca Beinart embarked on a journey by ship to retrace the route of their ancestors from Eastern Europe to South Africa.**




Currently, they are visiting Greatmore Studios in Cape Town and Stellenbosch University (SU) for a three-month residency, investigating their personal cultural heritage and interweaving it with other's stories.

The Beinart sisters will then present *Origination* at the SU Art Gallery from 11 to 31 March 2010.

In Cape Town, they are using the residency to create a series of works, both site and gallery-based, that builds on the experiences of their journey. They are exploring physical sites of memory, recreating the thresholds of the homes that their ancestors lived in, and the cultural traditions that they brought from Eastern Europe.

"*Origination* emerged from our interest in genealogy and from family stories of migration," say the sisters.

For the exhibition, gallery-based work, including drawing, photography and film, will be on show in conjunction with live events and site-based work.

Katy is an interdisciplinary artist whose work examines themes of history, identity and place. Her art is research-based and site-specific, often evolving through a participatory process. She trained as an architect and is interested in readings of both built and natural environments. Her sister Rebecca focuses on transportable artorks, live works and interventions into public space. Her research often takes the form of journey-making and her art draws from the unpredictability of encounters with people and places. Her live works create conversational spaces in which audience participants are as much the makers as the viewers of the pieces.

Over the past year and a half, the artists have been creating works as part of this project, including an exhibition and live events. For example, *Dinner Party* (bottom photo) at the Ovada Gallery in Oxford was an intimate event for 12 people, where a meal of borscht and black bread was served.

The residency is funded by Arts Council England and supported by Greatmore Studios in Cape Town and SU.

■ The SU Art Gallery is open from Monday to Friday from 09:00 to 17:00 and on Saturdays from 09:00 to 13:00. For further information, please contact the gallery at 021 808 3524 or 021 808 3489. Entry is free.



# Corvin starts year on high note in Romania



Prof Corvin Matei (photo) of the Music Department and conductor of the Stellenbosch University (SU) Symphony Orchestra was invited to Romania to conduct two concerts in January. At the first concert, Corvin conducted the Ploiesti Philharmonic Orchestra in a programme that included musical treats such as Shostakovich's *Piano concerto no. 2* and Sibelius's *Symphony no. 1*. The second concert was Corvin's conducting début in the northern city of Bacau, where he conducted the Bacau Philharmonic Orchestra. Other than works by Vivaldi and Salieri, this programme also included Berlioz's *Symphonie fantastique*.

Corvin has been invited to return to Romania in May of this year.

"After entertaining audiences in Romania, I'd like to invite Stellenbosch staff, students and residents to come and listen to the SU Symphony Orchestra at its first concert for 2010 on Saturday, 27 February, at 20:00. The programme includes Rossini's *William Tell overture*, Bottesini's *Double bass concerto* and *Variations* with South African Leon Bosch as well as Bruckner's *Symphony no. 4, Romantic*," says Corvin.

Corvin not only started 2010 on a high note but ended 2009 on an equally high note: his first book, *Intonation of woodwind instruments*, was published by VDM Saarbrucken in Germany. The book is available on Amazon.com.


## BOEKE / BOOKS

### THE EPISTEMOLOGY OF SCIENCE
Editor: Mauritz van Aarde




In the usage of present-day statistics 'statistical inference' is a profoundly ambiguous expression. In some literature a statistical inference is a 'decision made under risk', in other literature it is 'a conclusion drawn from given data', and most of the literature displays no awareness that the two meanings might be different. This book concerns the problem of drawing conclusions from given data, in which respect we have to ask: Does there exist a need for the term 'statistical inference'? If so, does there also exist a corresponding need for every other science?

### ESSAYS ON BEING REFORMED
Collected Essays 3: Dirk J Smit Editor: Robert Vosloo




What does it mean to be Reformed Christians in the world today and in Africa and South Africa? What does it mean to commemorate the legacy of John Calvin (1509-1564) after 500 years in a modern world characterised by democracy, by popular notions of human dignity and human rights, by worldwide struggles for individual freedoms and for social justice, by a global economy in crisis when social historians argue about the lasting contribution of Calvin and his followers precisely with respect to all these modern phenomena? What does it mean to be a Reformed church today for its faith and confession, its worship and life, its witness and service in ecumenical contexts and pluralist societies, in the face of the realities of suffering and threat? The 28 essays selected for this volume deal with such questions.

These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)

www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za africansunmedia@sun.ac.za (021) 808 2401 (021) 808 2626

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY
DEPARTEMENT MUSIEK | DEPARTMENT OF MUSIC
KONSERVATORIUM

CHORAL MUSIC
Price: R80 and R60
12 & 13 March: Mozart Requiem with USSO and Canticum Novum
Soloists: Vanessa Tait-Jones, Minette du Toit-Pearce, Willem Bester and Barend van der Westhuizen
Conductor: Louis van der Watt

CHAMBER MUSIC
Price: R80 and R60
28 March: KEMUS
Contemporary Piano Music: Daan Vandewaale (piano)

PIANO
Price: R80 and R60
22 March: Genova Dmitrov Piano duo

POPULAR
Price: R120 and R80
6 March: Woordfees Symphonic Pops concert featuring University of Stellenbosch Symphonic Wind Ensemble
Conductor: Pamela Kierman
Soloists: André Swartz, Sarah Theron, Timothy Maloi and Sterling EQ

ORCHESTRAL
Price: R90 and R70
27 March: BAND EXTRAVAGANZA – University of Stellenbosch Symphonic Wind Ensemble (USSBE)
Conductor: Pamela Kierman and featuring the Stellenbosch Jazz Band and soloists

SPECIAL EVENTS
Stellenbosch International Piano Symposium: 20 – 24 March

■ All concerts at 20:00 in the Endler Hall unless stated otherwise.

For tickets from Computicket or for more information contact the Konservatorium on 021 808 2343 or e-mail music@sun.ac.za.

You can also visit www.sun.ac.za/music.

# Race relations in the spotlight

**Dr Hermann Swart recently concluded a survey into interracial interactions among students at Stellenbosch University (SU). *Kampusnuus* met up with him to discuss the details of the survey and to find out what the results could possibly reveal about relationships between people of different races.**

Dr Swart, a postdoctoral research fellow in the Department of Psychology, said that his primary research focus over the past two years was to explore the extent to which white, black and coloured students at Stellenbosch interact with one another – specifically as friends – and how these interactions (or lack thereof) influence their feelings and attitudes towards each other's groups.

Electronic invitations were sent to all white, black and coloured students registered at SU encouraging them to complete an online survey. This was done on three separate occasions: the first wave of data collection was done in October 2008, the second wave in April 2009 and the third in October 2009.

Of the 20 000 emails sent out, about 2 000 white students, between 350 to 450 coloured students and about 150 black students participated, although the numbers dwindled towards the third stage of data collection.

"It's a goldmine of data," Dr Swart said. This data is now being analysed and will be written up for publication in collaboration with a number of other academics around the world.

According to Dr Swart the results will only be ready for release by the end of the year. However, he does suspect the following:

- Participants who report a greater number of cross-group friendships will report reduced prejudice towards other groups. The reason for this is that they have less anxiety about interacting with members of other groups. They also have greater empathy, being able to see another group's perspective.
- Participants who do not report cross-group friendships but who know people from their own group with cross-group friendships are also more likely to report reduced prejudice. The reason for this is that they see their friends' positive interactions, which influence how they see other groups. This is an indirect positive experience.

Dr Swart said that there is overwhelming international research showing that inter-group experiences have positive effects. "There's no reason to believe that South Africa is so different that international research can't be applied here," he added.

Asked how confident he was about his predictions, Dr Swart said, "Let the chips fall as they may but I'm quietly confident that most of my predictions will be supported, especially in the light of international literature."

And what happens after the results are released? "From an academic point of view, the ultimate goal is to have my research published in a peer review journal and to present the findings at local and international conferences."

"It would also be good to share the findings with stakeholders at the University, like Student Affairs. The findings may not provide big solutions to whatever challenges we may face but they may provide food for thought on and insight into how to tackle transformation at the University," Dr Swart said.

– Ilse Arendse




(Anton Jordaan, SSFD)

Dr Hermann Swart (right) poses with some of the survey participants who won prizes for participating in the initiative. With him are Mr Iain Uys (left) who won the grand prize, and Mrs Lynne Rippenaar, who was the winner in the third survey. The other winners are Ms Heleen Eksteen (winner in the first survey) and Ms Lize le Roux (winner in the second survey)

# *Taalsentrum lewer groot bydrae tot Afrikaanse kinderensiklopedie*

Die bydrae wat die Universiteit Stellenbosch (US) se Taalsentrum met hierdie projek tot Afrikaans gelewer het, is van onskatbare waarde vir die uitgewers- én taalbedryf in die land. Dit is 'n bewys dat Afrikaans as 'n belegging in kennis beskou word, en dat sy rol as onderrigtaal steeds op 'n hoë vlak erkenning en waardering geniet.

Dít was die mening van mnr Mike Jacklin, die Besturende Direkteur van Jacklin Uitgewers, wat die *Britannica Junior: Ensiklopedie vir Suidelike Afrika* onlangs bekend gestel het. Daar het meer as 20 jaar gelede laas 'n ensiklopedie van hierdie aard in Afrikaans verskyn.

Die redakteur van die ensiklopedie is die bekende "Flinkdinker", radioman en skrywer, mnr Dawid van Lill. Die naslaanwerk is op die Amerikaanse weergawe van die immergewilde *Britannica Student Encyclopaedia* gebaseer.

Volgens me Alta van Rensburg, Hoof: Taaldiens van die Taalsentrum aan die US, het sy en haar span in dié omvangryke vertaal-, redigeer- en skryfprojek groot dele van die Amerikaanse artikels in Afrikaans vertaal. Onder die redakteurskap van mnr Van Lill is bepaalde inligting oor Suidelike Afrika by bestaande artikels ingesluit, en is bykans 500 nuwe artikels oor Suidelike Afrika, soos dié oor apartheid, Bafana Bafana, die Cullinan-diamant, Erfenisdag en Robbeneiland, geskryf. Hierna is die ensiklopedie weer in sy geheel geredigeer en geproeflees om gehalte en konsekwentheid te verseker.

"Die Taalsentrum is besonder dankbaar vir die uitstekende en genotvolle samewerking wat daar vir die volle duur van die projek tussen mnr Van Lill, die Sentrum en die onderskeie medewerkers was," sê me Van Rensburg.

As unieke Afrikaanse produk wat daarop gemik is om kinders se selfvertroue deur die leerproses te ontwikkel, was dit volgens mnr Van Lill een van die interessantste én uitdagendste projekte wat hy tot dusver aangepak het, veral omdat die inhoud so 'n groot gebied dek.

Hy het dié jaar lange projek in samewerking met ervare opvoeders en bibliotekarisse, en in ooreenstemming met die nasionale skolekurrikulum aangepak. Hoofkategorieë sluit in historiese figure en gebeure, bekende individue en legendariese karakters, groot stede en lande, plante en diere, mense en kulture, wetenskap en tegnologie, en sport. Die tien hardebandvolumes beslaan altesaam 2 790 bladsye, en sluit 3 000 foto's, tekeninge, kaarte en interessante feitekassies in om die inligting nog toegankliker te maak.

By die bekendstellingsgeleentheid het mnr Jacklin gesê dat sy uitgewersmaatskappy die projek as 'n Afrikaanse skatkis van kennis vir kinders tussen die ouderdom van 8 en 16 jaar beskou. "Ons beoog om die *Britannica Junior* in soveel biblioteke moontlik te laat opneem sodat alle leerders vrye toegang tot hierdie nuwe relevante bron kan hê."

Verdere samewerking tussen die Taalsentrum, Jacklin Uitgewers en Dawid van Lill met die oog op elektroniese en aanlynprodukte word in die vooruitsig gestel.



Roux van Rensburg

Jacklin Uitgewers het 'n stel van die *Britannica Junior: Ensiklopedie vir Suidelike Afrika* aan me Alta van Rensburg, Hoof: Taaldiens, Taalsentrum en prof Leon de Stadler, Direkteur: Taalsentrum oorhandig. Van links na regs is me Liesl Smit, Bemarkingsbestuurder: Jacklin Uitgewers, mnr Mike Jacklin, Besturende Direkteur: Jacklin Uitgewers, mnr Ian Grant, Besturende Direkteur: Encyclopaedia Britannica UK, mnr Dawid van Lill, Redakteur, me Van Rensburg en prof De Stadler

# WIE, WAT EN WAAR?



DANISH AMBASSADOR VISITS STELLENBOSCH UNIVERSITY

The Ambassador of Denmark, Mr Dan Frederiksen, shaking Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research's hand (right), visited Stellenbosch University (SU) as the guest of the Centre for Renewable and Sustainable Energy Studies (CRSES). During his visit he spent time at the Faculty of Engineering, where he was briefed on the research on wind and wave energy currently underway in the Faculty and also visited the extensive laboratory facilities in the departments of Electrical and Electronic, Civil, and Mechanical and Mechatronic Engineering. The Ambassador was also taken on a tour of Lynedoch EcoVillage, where the Sustainability Institute is based, by Prof Mark Swilling. Mr Frederiksen found the visit very interesting and commented positively on the extensive research on renewable energy currently underway at SU. Also pictured are staff members from the CRSES and the Faculty.



PROF VAN DER MERWE LEWER SY PROFESSORALE INTREEREDE

Prof Floris van der Merwe van die Departement Sportwetenskap het onlangs sy professorale intreerede by die Jannaschsaal in die Konservatorium gelewer. Prof Van der Merwe se intreerede was getiteld *Liegendes en sport: Die geval van rugby.* Hier is prof Van der Merwe (middel) saam met prof Magda Fourie en die Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, prof Yusef Waghid.

*(Lynne Rippenaar)*



DOKTORSGRAAD VIR SENIOR DIREKTEUR: GEMEENSKAPSINTERAKSIE

Dr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie, het verlede jaar sy doktorsgraad by die Desember-gradeplegtigheid in die DF Malan Gedenksentrum ontvang. Sy proefskrif is getiteld *Teachers, assessment and outcomes-based education: A philosophical enquiry.*

*(SSFD)*

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 29 Maart 2010**

**Redakteur:** Lynne Rippenaar

**Bladontwerp:** Heloïse Davis **Drukwerk:** Shumani Printers

**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za

**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: (021) 808 4851, faks: (021) 808 3800 e-pos: lynnr@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY